Sake24
JOU GELDSAKE

29 Augustus 2009

WAAR SAL MY INKOMSTE VANDAAN KOM?

Die onlangse daling in rentekoerse bied welkome verligting aan persone met alle vorme van skuld maar skep ‘n probleem vir renteniers deurdat hul rente-inkomste die afgelope jaar aansienlik gedaal het. Die probleem word vererger deurdat belasting ook nog in meeste gevalle op rente-inkomste gehef word en dat die na-belaste opbrengs minder as inflasie is en renteniers se kapitaal dus in reële terme daal. Gegewe die volatiliteit van die aandelemark en die genoteerde eiendomsektor wat tans as duur beskou word is renteniers ook nie baie begerig om bloot om te skakel na ander bate-klasse nie. Daar is verskeie strategieë wat aangewend kan word om die probleem aan te spreek.

Eerstens die feite. Die effektiewe opbrengs op Geldmarkfondse wissel tans tussen 7.56% (Absa) en 8.08% (Allan Gray) voor inagneming van kostes. Indien ons aanneem dat die opbrengskoers 8% is, is die na-belaste opbrengs indien u marginale belastingkoers 40%, 30% of 20% is, onderskeidelik 4.80%, 5.60% en 6.40%. Die mees onlangse inflasiesyfer is 6.90%. Voordat bogenoemde berekeninge gedoen word moet daar ook in ag geneem word dat persone jonger as 65 en persone 65 en ouer onderskeidelik kwalifiseer vir ‘n rente belastingvrystelling van onderskeidelik R21,000 en R30,000. Dit beteken dat persone onder 65 kapitaal van R262,500 en persone 65 en ouer kapitaal van R375,000 in Geldmarkfondse kan belê sonder om belasting aan te trek. Hierdie vrystelling geld per individu.

Aangesien die rente belastingvrystelling beteken dat u nie belasting hoef te betaal op die eerste R262,500 (persone jonger as 65) en R375,000 (persone 65 en ouer) beteken dit dat u met hierdie belegging darem steeds marginaal beter sal vaar as inflasie en tans reële groei van 1.1% op u belegging kan verdien. Dit dien ook vermeld te word dat die kapitaal wat u op hierdie wyse belê in meeste gevalle voldoende is om die eerste jaar of twee se inkomstebehoefte te dek al beteken dit dat u van die kapitaal vir inkomstebehoeftes sou aanwend. U moet ook daarop let dat die belastingdrempel vir persone onder 65 tans R54,200 en vir persone 65 en ouer R84,200 is. Daarna begin u probleme met die Suid-Afrikaanse Inkomste Diens egter en moet ‘n mens versigtig beplan om wel ‘n reële opbrengs te bewerkstellig.

Die eerste geleentheid bestaan deurdat aftreefondse vrygestel is van inkomstebelasting. Enige kapitaal wat u dus sou belê in ‘n aftree-annuïteit, pensioenfonds, of voorsorgfonds sal dus geen belasting aantrek binne die aftreefonds nie. Sou u dus in ‘n effektetrustgebaseerde aftree-annuïteit belê met ‘n Geldmarkfonds as onderliggende belegging sal u steeds die volle opbrengs op die Geldmarkfonds belastingvry ontvang. U bydrae kan moontlik ook kwalifiseer as ‘n aftrekking beperk tot 15% van u nie-pensioengefundeerde inkomste. Onlangse wetswysigings maak dit ook nou moontlik vir persone ouer as 70 om hierdie geleentheid te benut (voorheen kon u slegs tot ouderdom 70 ‘n bydraende lid van ‘n aftreefonds gewees het) en dit het die verdere voordeel dat bedrae oorgedra na ‘n aftreefonds effektief nou buite u boedel val en in gepaste gevalle ook dus ‘n boedelbelastingbesparing sou teweeg bring. Die doel van hierdie belegging is om u toekomstige inkomstebehoeftes aan te spreek en aftreefondse is spesifiek vir hierdie doel ontwerp. Wanneer u wel wil begin om van hierdie kapitaal ‘n inkomste te trek kan u bloot aftree uit die produk en dit dan omskakel na ‘n lewende annuïteit en ‘n inkomstevlak van tussen 2,5% en 17,5% (‘n keuse wat u jaarliks moet uitoefen) selekteer en so u belasting minimaliseer. U sal wel belas word op die inkomste wat u wel onttrek uit die produk. In geval van u sterfte is die kapitaal in die

produk volledig oordraagbaar na u afhanklikes en kan hul selekteer om ‘n inkomste daaruit te onttrek of die kapitaal na belasting as ‘n enkelbedrag te ontvang. Dit stel u egter in staat om belasting uit te stel na ‘n toekomstige datum wanneer belastingkoerse waarskynlik gunstiger sal wees.

‘n Meer omstrede onderwerp is om binne perke oor tyd heen ‘n beter kapitaalverdeling tussen getroude gades te bewerkstellig. Die onderwerp is omstrede omdat die inkomstebelastingwet verskeie teenvermydingsmaatreëls bevat wat ten doel het om te keer dat persone nie belasting ontduik deur kapitaal te verskuif na die gade met die laagste of geen inkomste nie. Die doel van die gade wat die kapitaal oordra is deurslaggewend. Myns insiens kan daar egter verskeie ander wettige doelwitte wees om wel kapitaal tussen gades oor te dra of in die alternatief kan prosesse oor tyd heen gevolg word om dieselfde resultaat te bereik. Voorbeelde van sodanige doelwitte wat deur ‘n ouditeur of rekenmeester ondersoek kan word is die volgende:

- Dit is onontbeerlik dat beide gades ‘n noodfonds in plek moet hê aangesien die langslewende gade in ‘n baie moeilike posisie sou wees wanneer die ander gade sterf en bankrekeninge en beleggings gevries word tot tyd en wyl die boedel afgehandel is. Die boedelberedderingsproses kan tussen 6 en 12 maande duur.
- Dit behoort heeltemal aanvaarbaar te wees indien een gade ‘n huishoudelike toelaag ontvang en hy/sy daarin slaag om daaruit te spaar deur noukeurig met die begroting te werk.
- Indien beide gades ‘n inkomste verdien sou dit ook heeltemal aanvaarbaar wees indien die gade met die grootste inkomste byvoorbeeld al of meeste van die huishouding se uitgawes te dek ten einde die ander gade met die kleinder inkomste in staat te stel om groter bedrae te spaar met die oog op ‘n beter belastingbedeling in die toekoms.

Bogenoemde prosesse wat oor tyd heen gevolg word sal veroorsaak dat die huishouding se totale belastinglas sal verminder.

Nadat u u sake so effektief moontlik ingerig het uit ‘n belastingoogpunt is die enigste ander oplossing om in bates te belê wat nie ‘n belasbare inkomste lewer nie soos byvoorbeeld aandele of lyfrentes. Daar is min beleggings wat sal kersvashou by ‘n kwaliteit aandeleportefeulje wat u selekteer juis met die oog op ‘n goeie dividendinkomste. Maatskappye soos Brittish American Tobacco en Pikwik betaal onderskeidelik dividende van tussen 5% en 7% afhangend van u aankoopprys en hierdie dividende sal oor tyd heen verhoog word, waarskynlik in pas of selfs beter as inflasie. Indien die dividendstroom redelik seker is, is die volatiliteit van die aandeelprys van minder belang.

Max van der Wath is ‘n gesertifiseerde finansiële beplanner by PSG Konsult.